

4 Julie

Skrifgedeelte: Amos 9:1-15

Fokusgedeelte: Amos 9:11-12

God oordeel, maar is ook genadig

In 722 nC het die Assiriërs die noordelike ryk Israel binnegeval en die land se inwoners in ballingskap weggevoer. Só is God se toorn uitgestort oor sy volk wat hulle ten spyte van baie waarskuwings nie wou bekeer nie. Israel het nie weer teruggekeer uit hierdie ballingskap nie. Babiloniërs en Siriërs het mettertyd in die land kom woon en met die oorblywende Israëliete vermeng.

Ten spyte daarvan dat Israel God se verbond vertrap het, was God egter steeds genadig. Deur Amos gee Hy die belofte dat die vervalle hut van Dawid weer opgebou sou word en dat sy volk die oorwinnaar sou wees oor al die nasies oor wie sy Naam uitgeroep is.

Hierdie belofte het in vervulling gegaan toe Jesus uit Dawid se nageslag gebore is. Die huis van Israel is nie alleen ter wille van die ongehoorsame Israel herstel nie, maar ook ter wille van die heidennasies wat God geroep het om sy volk te wees (Hand 15:16,17). Die evangelie van Jesus Christus is ná sy hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees aan alle volke, tale en nasies verkondig. Mense uit die heidennasies het tot bekering gekom. Op hierdie manier het ons wat nie fisiese nasate van Israel is nie, deel geword van die "hut van Dawid". Die profesie gaan vandag steeds in vervulling waar mense dwarsoor die wêreld uit al die verskillende nasies tot bekering kom.

God straf ongehoorsaamheid en ontrou, maar dit beteken nie die einde van sy kerk nie. In sy genade word ongelowiges uit alle wêrelddele steeds in sy verbond opgeneem.

Sing: Psalm 45:1,2,16

Ds EJ de Beer (Laeveld)